# KINDERKERK LES: Hemelvaart

**Doel van les:**

Ons gesels oor Jesus se hemelvaart, Sy laaste opdrag en Sy belofte aan ons.

**Ysbreker : 40 sekondes:** Laat elke groep in 'n sirkel staan. Gee vir elke groep een ballon. Hulle moet vir 40 sekondes die ballon al in die sirkel na mekaar toe slaan sonder dat iemand die ballon laat val. Na die 40 sekondes verby is, wat jy sal uitroep, moet die leier die ballon gryp en dit bars. Daarin gaan 'n strokie papier wees waarin 'n Bybelgedeelte gaan wees wat die groep dan moet teken op 'n groot stuk ongedrukte koerantpapier.

- Teken net die drie kruise waarop Jesus en die twee rowers gehang het;
- Teken die toe graf waarin Jesus begrawe is, die graf moet toe wees;
- Teken die leë graf van Jesus;
- Teken waar Jesus op die strand sit en vis braai vir die dissipels;

Daar moet nie te veel tyd aan die tekeninge spandeer word nie. Plak dan die tekeninge op teen die muur in die volgorde en gebruik dit as verwysing terwyl jy die storie vertel. Berei ook vir jou 'n prentjie voor van Jesus wat opvaar hemel toe wat later ook die kinders se aktiwiteit gaan wees.

**Vra:** Maatjies, wie kan vir my vertel wat onthou ons wanneer dit Paasfees is? (Jesus wat gekruisig is vir ons sondes en opgestaan het uit die dood.) Dink julle Jesus is nog dood en in die graf? (Nee, Hy het op die derde dag opgestaan en die graf is nou leeg.) Nadat Jesus opgestaan het uit die dood, het vir 40 dae op die aarde gebly en het baie kere aan Sy vriende verskyn. Daarna het iets baie spesiaals gebeur. Jesus is hemel toe. Ons gaan vanaand bietjie daaroor praat.

**Storietyd: Jesus gaan hemel toe – Handelinge 1:1-11**

Jesus is die Seun van God. Hy is almagtig. Satan kon Hom nie oorwin nie. **(Wys na die kruise se prentjie)** Die dood kon Hom nie in die graf hou nie. **(Wys na die toe graf prentjie)** Hy het uit die graf opgestaan. **(Wys na die leë graf prentjie)**
Die dissipels was baie bly om Jesus weer te sien. Hy het baie met hulle gepraat. Hy het vir hulle van die liefde van God die Vader vertel. **(Wys na prentjie waar Jesus vis braai op die strand)**
Op 'n dag sê Hy vir hulle: "Nou moet Ek na my Vader teruggaan. Maar julle sal nie alleen wees nie. Die Heilige Gees sal in julle kom bly. Hy sal julle leer wat om te sê en wat om te doen. Maar julle moet eers 'n rukkie in Jerusalem wag. God sal die Heilige Gees na julle toe stuur. Dan moet julle vir die mense vertel Ek is die Verlosser van sonde."

Nadat Jesus dit gesê het, gaan Hy en Sy dissipels na die Olyfberg. Op die berg gaan hulle staan. Jesus kyk vriendelik na Sy dissipels en sê: "Dit is nou tyd vir My om hemel toe te gaan."

Net toe Jesus dit gesê het, kom daar 'n wolk en Jesus gaan daarin hemel toe. (**Gebruik die prentjie van Jesus wat in die wolkie verdwyn.)** Die dissipels kyk en kyk. Hulle kan Jesus glad nie meer sien nie.

Skielik kom daar twee engele. Hulle sê vir die dissipels: "Waarom staan julle so en kyk? Jesus het na die hemel gegaan, maar eendag sal Hy weer kom."

Nou is die dissipels nie meer so hartseer nie. Hulle sê: "Kom ons gaan wag in Jerusalem en bid. Jesus het mos belowe God sal die Heilige Gees stuur. Dan sal ons nie alleen wees nie. Jesus het ook gesê die Heilige Gees sal ons kom troos."


Toe gaan hulle Jerusalem toe om vir die Heilige Gees te wag.

Volgende wee gaan ons dan bietjie meer gesels oor toe die Heilige Gees gekom het.

**Verhaal geneem uit Ons eie Kleuterbybel, bl140, Juliana Nothnagel, Johann Strauss**

**Aktiwiteit:** Jesus gaan hemel toe prentjie. Druk vir elke kind 'n wolkie en Jesus prentjie. Gee kinders kans om die prentjie in te kleur. Maak gaatjies in die kop van die Jesus prentjie en ook die bokant van die wolkie. Ryg dan 'n dun stukkie lyn deur albei en maak vas aan die Jesus. Trek die lyn by die wolkie om Jesus te laat opvaar en verdwyn die wolkie in.

Sluit af met gebed.


Jesus'
Ascension
craft
Life OVER C's